



Polsslag van ons jeug

Hoe klop die harte van ons jongmense deesdae? In die Hervormde Kerk, soos in baie ander kerke, is dit 'n vraag wat verskeie predikante en jeugwerkers slapelose nagte besorg.

Teken in op
blitspos
Stuur 'n e-pos na
karen@nhk.co.za

Die tipiese beeld van jeugbediening wat oor die laaste klompie dekades vorm gekry het, is 'n groepie jongmense wat op 'n afgespreekte plek en tyd bymekaar kom, lekker kuier, sing, speletjies speel en mekaar se geselskap waardeer.

Nuus, berigte en
kort kommentaar
(uifers 100 woorde)
aan
produksie@nhk.co.za

Een van die kundiges oor jeugbediening, prof Kenda Dean van Yale, gebruik die beeld van 'n branderplankryer. Sy sê die tipiese prentjie by so 'n jeugbyeenkoms is jongelinge wat modern lyk. Byeenkomste is sosiale geleenthede waar seuns en dogters op 'n eietydse en prettige manier vermaak word. Hoe meer kinders by so 'n geleentheid opdaag, hoe groter blyk die sukses van daardie gemeente se jeugbediening te wees. Hoe meer jongelinge soos die spreekwoordelike branderplankryer lyk, hoe makliker skakel ander in.

Skakels

Webblad van die
Hervormde Kerk
www.nhka.org

Dean stel dit duidelik dat ons ongelukkig steeds aan jongmense dink as objekte van bediening. Ons glo steeds dat daar 'n predikant, 'n jeugwerker of 'n jeugouderling moet wees wat hierdie kinders bedien met gepaste vermaak of met 'n *gemaklike* weergawe van die evangelie.

Indien u nie weer
blitspos wil
ontvang nie,
stuur 'n e-pos na
karen@nhk.co.za

Dean meen dat die jeug veel eerder as agente van die evangelie gesien moet word. Dat hulle geleentheid gebied moet word om êrens in die wêreld die blye boodskap, op watter manier ook al, aan ander jongmense te bring. Sy verwys na 'n spesifieke gemeente wat totaal en al afgesien het van die grootgroepbeginsel en hul jongmense in klein groepies verdeel het. Elke groepie het 'n bedieningsplan opgestel en elkeen het 'n strategie met 'n begroting uitgewerk, om hierdie plan in werking te stel. Diegene wat vroeër bedien is, het skielik die arbeidsmag geword wat in die gemeenskap 'n verskil maak. Jongmense wat op 'n vroeë ouderdom op hierdie wyse aan kerklike bediening blootgestel word, slaag in hul latere lewe daarin om bemanning op die skip van die evangelie te wees, eerder as passasiers wat met die evangelie bedien word.

Dit is egter nie net binne die kerk dat jongmense leef en funksioneer nie. 'n Tweede vraag sou wees: Waar vind ons die jeug van ons tyd? Dean noem enkele voorbeelde. Sy meen hulle staan kaalvoet op grasperke om geaard te word. Hulle kuier in koffiewinkels en voer geloofsgesprekke daar. Ons uitdaging lê daarin om ons jeug uit te stuur om werklik bedienaars te wees en om die wêreld waar die jonges van ons tyd leef, op hul speelveld te ontmoet, in stede daarvan om te wag dat hulle na jou toe kom.

Die Kernkomitee vir Gesinsbediening hou op 30 April en 1 Mei 'n bosberaad om die polsslag en hartklop van ons eie jeug te probeer vind en om inligting oor die beraad met die Kerk te deel. Nie almal sal die geleentheid te Venterskroon kan bywoon nie, daarom rig ek 'n ope uitnodiging aan elkeen wat 'n bydrae tot die gesprek wil maak. Stuur asseblief u gedagtes, idees en navorsing aan my na davidbarnard@mweb.co.za.

Die jongmense is nie net die toekoms van die Kerk nie, hulle is die hier en die nou daarvan.

Ds David Barnard, Magaliesmoot

Lief en leed



Ds Willem Sauer



Dr Estelle Dannhauser



Ds Ferdie Nortje

- **Ds Willem Sauer** (Waterberg) het verlede week 'n oogoperasie ondergaan. Ons bid hom volkome herstel toe. Baie sterkte ook aan hom vir die rugoperasie wat hy waarskynlik moet ondergaan.
- **Dr Estelle Dannhauser** (Zesfontein/Springs-Noord) herstel goed na 'n tweede heupvervangings. Ons bid haar volkome herstel toe.
- **Oudl Anton Valks**, ouderlinglid van die Kommissie van die AKV, het 'n kleinkind ryker geword wat prematuur op 27 weke gebore is. Na drie maande in die spesialesorgeenheid is die kleinding onlangs ontslaan en dit gaan baie beter met hom. Ons bid die gesin die Heer se bystand toe.
- **Ds Ferdie Nortje** (Outeniqua) se oogprobleem lyk ernstig, met geen goeie prognose vir herstel nie. Hy raadpleeg nog dokters en mag dalk vroeë emeritaat oorweeg.
- **Ds Hennie Aucamp (emeritus) se seun**, wat aan motorneuronsiekte ly, is deur 'n pofadder aan die hakskeen gebyt. **Ds Aucamp se vrou, Clara**, het 'n skoueroperasie ondergaan. Ons bid die gesin sterkte toe.
- **Ds Stoffel Smit** (92) het 'n dubbele operasie ondergaan vir 'n breuk en om kankergewasse te verwyder. Ons bid hom spoedige beterskap toe.
- **Dr Sanrie de Beer se moeder** het 'n ligte hartaanval gehad, en sterk nou aan in die Ferncrest-hospitaal in Rustenburg.
- **Die volgende predikante verjaar tot 22 Maart, en word hartlik geluk gewens:**
 - o Saterdag 16 Maart: Di GS (Gerrie) Botha (emeritus/Viljoenskroon) en AC (Arie) Kuyper (Villieria)
 - o Sondag 17 Maart: Dr DJC (Daan) van Wyk sr (emeritus)
 - o Maandag 18 Maart: Di P (Pieter) de K Furstenberg, RTI (Robby) Pienaar (Ogies), G (Gerrit-Daan) van der Merwe (Strand) en PS (Pieter) van Staden (emeritus)
 - o Woensdag 20 Maart: Di JS (Hannelie) Botha (beroepafwagting) en PA (André) Harmzen (buiteland/Swartkop)
 - o Donderdag 21 Maart: Ds PP (Paul) Jooste (emeritus)

Gemeentes en bediening



Ds Hennie Louw

- **Ds HF (Hennie) Louw** van Newcastle het die beroep na Drie Riviere aanvaar.
- Ds Johann de Bruin van die SP Engelbrecht-museum (ons algemene Kerkmuseum) wil graag kontak maak met **gemeentes wat hul eie klein gemeentemuseums, museumuitstallings of net museumkas** het, selfs al is dit net besondere, waardevolle historiese voorwerpe in die kerkgebou en saal. Laat hoor asseblief van u. Stuur gerus foto's en vertellings. Maak gerus kontak met ds De Bruin by cjdb@telkomsa.net of 082 733 3951 WhatsApp.
- **Gemeente Bronkhorstspuit:** Die enigste e-posadres vir die gemeente is voortaan nhbhs@nhk.co.za. As gevolg van die verwisseling van diensverskaffer is die gemeentelike kantoor se telefoon (nommer 013 932 2929) buite werking. Kontak asseblief een van die volgende persone: Dolf 073 908 5787; Rina 083 718 6165 (Maandag en Vrydag); of Gerda 082 323 1193 (Dinsdag en Donderdag).
- **Gemeente Bronkhorstspuit** vier op **Saterdag 6** (basaar) en **Sondag 7 April** (erediens) hul **150ste bestaansjaar**. Alle oudlidmate, vriende en belangstellendes word hartlik uitgenooi om die besondere geleentheid mee te maak. Navrae kan gerig word aan mev Gerda Theunissen by 082 323 1193 / nhbhs@nhk.co.za.

- Die kombinasiegemeentes **Joachim Prinsloo op Northam en Ruskoppies op Dwaalboom** het 'n **werkruimte beskikbaar vir 'n voltydse predikant**. Daar is twee eredienspunte wat in Afrikaans bedien word. Die meeste lidmate is boere en werknemers op die myne. Die lidmate kom uit verskillende spiritualiteitstipes, wat so bedien moet word dat daar deurlopende samewerking en eenheid is. Die leraar sal in Thabazimbi en/of die Dwaalboom-area woon. Die ampswerk sluit in uitvoering van die gemeentes se bedieningsplan en geestelike bediening van lidmate deur prediking, pastoraat, Bybelstudie, toerusting, barmhartigheidsdiens, ensovoorts. Verder behels dit kommunikasie, medetoesig en gedeelde leiding met die gemeente se finansies en projekte. Ruim versorging – binne die gemeentes se vermoëns – word onderneem. Aansoeke moet gerig word aan die skriba, mnr Poena Siemens, by jenny1@gmail.com. Kontak hom by 060 976 6176. Die kombinasiekerkraad behou die reg voor om ook 'n predikant buite die lys van belangstellende persone te beroep of te benoem. Aansoeke moet asseblief vergesel word van 'n kort CV en moontlike verwysings vir navrae deur die kerkraad. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 29 Maart 2019.**
- **Gemeente Derdepoort in Pretoria** het 'n **werkruimte vir deeltydse bediening beskikbaar vanaf 1 Junie 2019**. Vergoeding sal met die suksesvolle aansoeker onderhandel word. Behuising word nie voorsien nie. Die lidmaattal is tans 249 (202 belydend) en die gemeente is hoofsaaklik in 'n stadsgebied geleë. Die ampswerk en verpligtinge sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word. Aansoeke met volledige CV's kan deur belangstellende gelegitimeerde predikante en proponente van die NHKA gestuur word aan oudl SG Booysen by sarelbooyesen@gmail.com. Die kerkraad behou die reg om ook kandidate wat nie aansoek doen nie, te oorweeg, asook om die vakante werkruimte te vul wanneer dit vir die gemeente geleë is. Belangstellende aansoekers is intussen welkom om **preekbeurte** in die gemeente te behartig. Skakel 012 3251857 of 061 604 1211, Nikki van Deventer. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 April 2019.**
- Predikante wat **preekbeurte** wil waarneem in **Zimbabwe (Bulawayo en/of Harare)** moet asseblief kontak maak met ds Nicolaas Steenekamp by njssteenekamp@gmail.com of 073 279 3315. Vervoerkoste en 'n honorarium word betaal.
- Leraar(s) word steeds benodig vir **preekbeurte** in **Gemeente Messina**. Predikante van die Kerk wat in Tshipise vakansie hou, kan die skriba, mnr Johan Louw, kontak by 072 485 5617.

Vergaderings

- Donderdag 14 Maart: Rata Finkom
Ons Tuis Direksie

'n Gedig

Kom bly by my in my huispaleis
en ek sal jou net vreugdes wys:

die skadu van die tortelduif
wat koer-koer voor my venster dryf

die besie van ons liewenheer
wat kol-kol wegvlieg – keer op keer

die purperwinde wat bly rank
tot teen die hoogste vensterbank

Kom bly by my in my huispaleis
en ek sal jou net vreugdes wys

Philip de Vos

(Uit: *Daar's bitterals in die heuningwals*, 1988)

Barmhartigheid

- **Woonstel en kamers vir selfversorgende bejaardes** beskikbaar by **Machteld Postmus, Mackenziestraat, Brooklyn**. Johannes Postmus het tans 'n lieflike eenslaapkamerwoonstel beskikbaar om te huur teen R5 520 per maand, wat water insluit (elektrisiteit uitgesluit). Riekie Boshoff het tans 2 enkelkamers beskikbaar met gedeelde geriewe vir slegs R2 290 (sluit water en elektrisiteit in). Die kompleks beskik oor sekuriteit, en ondersteunende dienste en gereelde aktiwiteite word aangebied. Vir meer besonderhede, kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Annie Schilz in Riviera, Pretoria**, is 'n woonstelblok vir afgetrede persone. Hierdie kompleks is geleë op die gronde van die versorgingsoord Ons Tuis Riviera en die Seniorstuis-dienssentrum, waar verskeie sosiale programme aangebied word. Daar is tans **drie huurwoonsteleenhede** beskikbaar teen R3 485 per maand (krag uitgesluit). Kontak mev Ilse Malan by 012 329 3707 vir meer inligting.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.
- Daar is tans plek vir bejaardes beskikbaar in **Piet Potgieter te Potgietersrus (Mokopane)**. Die **tweeslaapkamer-woonregeenheid** is geleë in hierdie rustige omgewing, en verskeie dienste word op die perseel aangebied. Die eenheid is te koop teen R592 120 (aanvanklike deposito van R10 000 en R582 120). Kontak mev Mariana van Tonder by 015 491 6314.
- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
Lewensreg te koop
2-slaapkamer @ R560 000
1½-slaapkamer @ R520 000
1-slaapkamer @ R515 000
Groot tuine om in te ontspan
Geen versorging
Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
012 329 4318 / 084 920 8723



Kerklike publikasies

- In die vorige uitgawe van *Blitspos* is inligting gegee oor die **elektroniese skakels** op die **Kerk se webblad** na verskillende publikasies en vorms. Navrae hieroor kan gerig word aan mnr Louwrens Pretorius, inligtingsbeampte, by data@nhk.co.za of 012 322 8885 x3113.
- Die Sinodale Dienssentrum se **Kerkspesifieke lessenaarkalender vir 2019**, in volkleur, is nou teen **R90 (BTW ingesluit)** per kalender beskikbaar. Die Kerkjaarbesonderhede word elke maand aangedui. Sinodale vergaderings word aangedui, maar daar is steeds genoeg ruimte by elke dag om eie afspraak in te skryf. Die formaat is A2 (4 x A4's), aan die bokant gegom, sodat dit plat op 'n lessenaar kan lê. Bestel by mev Sarie Roux by 012 322 8885 x3025 of sentik@nhk.co.za. Die kalenders kan afgehaal word by die Sinodale Dienssentrum te Swaanstraat 129, East Lynne.

Fondsinsamelings

- **Noordwestelike Pretoria: Warmhartigheidsgolfdag**
Woensdag 10 April by Zwartkop-gholfbaan
Early Bird Special voor 1 April:
R1 760 per 4-bal of R440 per speler
Normale prys R1 960 per 4-bal of R490 per speler
Navrae en inskrywings Johanna 082 928 5592
Stephen 074 658 4630
James 083 679 6633

Basaars

- **Gemeente Warmbad: Bosveldfees**
Vrydag 29 tot Sondag 31 Maart
Feesterrein van Forever Resort
Uitstekende kunstenaars met die vermaaklike Piet Pompies (Vrydagaand)
Bok van Blerk, Kevin Leo en ander (Saterdag)
Hondeskou, dansgroepe, K9-hondevertoning
Stalletjies en baie lekkernye
Navrae aan Maureen Minny by 083 310 0089

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste van advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). (Let asseblief op die nuwe koste.) Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos.** Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed vir die week

Here, my God, skielik het U my laat sien
hoe belaglik ek is om so rond te skarrel.
Ek het sommer hardop gelag –
en dit is lanklaas dat ek dáárvor “tyd gehad het”!
Ek neem myself en my “besige lewe” hopeloos te ernstig op –
o God wat die tyd gemaak het, dit besef ek nou.
Hoe lagwekkend dat ek kon dink dat ek
die meeste dinge wat moet gebeur, sélf moet laat gebeur.
Asof U glad nie 'n rol daarin speel nie!
Vergewe my tog my trots en arrogansie.
Here, leer my om te rus, om te wag, om te waak;
om te ontspan in die wete van u almag;
om die lewe wat u my gegee het, te geniet.
En help my om raak te sien wat ek verloor het
met my frenetiese gejaag:
vir U.
Sonder wie niks anders in elk geval sin maak nie.

Rowland Croucher

(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)